# 12 Februarie 2024 - Lesing 235 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die ligryk ingaan sonder JaHshua Messias? – 8/11/61

**NO: 8036** Die liefde van julle Vader vir Sy kinders is **onbegrens**.

En hierdie liefde sal ook die versoeke inwillig wat julle aan My voorlê, omdat Ek julle gelukkig wil maak. Julle moet altyd net vra en Ek sal julle antwoord.

En as dit nie moontlik is om julle direk toe te spreek nie, dan sal julle die **antwoord deur my boodskappers** wat My as werktuig dien verkry en wat Ek te alle tye kan toespreek as hulle My wil hoor.

En so sal julle ook opheldering moet kry as die vraag julle besighou, of 'n mens sonder die erkenning van JaHshua Messias die ligryk kan binnegaan, as sy lewenswandel met voortdurende inagneming van My gebooie van die liefde gelei is.

Omdat Ek Myself in die Mens JaHshua beliggaam het en dus in Hom die verlossingswerk volbring het, is hierdie **erkenning van JaHshua absoluut noodsaaklik**, omdat daardeur ook die erkenning van My Self volg wat julle My eens ontsê het, waardeur julle dus van My afvallig geword het.

Wanneer 'n mens in die liefde leef, **dan is hy ook deur die liefde met My verbind.** Hy sal dus 'n God en Skepper erken en ook in sy gedagtes die verbinding met Hom tot stand bring. Hy sal in My glo, omdat sy lewenswandel, **sy lewe in liefde**, in hom 'n lewende geloof opgewek het, wat hom bewustelik na volmaaktheid sal laat strewe, na 'n vaste band met My.

**En tog is hy nog met die oersonde belas**, wat ter wille van die geregtigheid eers goedgemaak moet word, om weer in die ligryk opgeneem te kan word. Is die mens hiervan op hoogte en weet hy dat die Mens JaHshua met Sy kruisdood die skuld vir hom goedgemaak het, dan sal sy lewe in liefde vir hom ook die betekenis van die verlossingswerk laat insien **en hy sal self die weg na die kruis gaan om van sy oerskuld vry te word**.

En dan is die poorte na die ligryk vir hom geopen. As die oerskuld nog nie tot niet gemaak nie, waartoe die bewuste versoek om vergewing van skuld behoort, dan kan die gees in die mens ook nie gewek word nie, wat hom die helderste insig sou gee.

Want die geestelike duisternis bestaan nog, wat die gevolg was van die afval van weleer van God.

Want die gees in hom ontsteek in hom **'n helder lig oor die missie van die Mens JaHshua en oor Sy <u>eenwording</u> met My**.

Die opwekking van die gees is weliswaar die uitwerking van 'n lewe in liefde, maar wat verhinder word deur die mens self wat hom nie probeer vrymaak het van die deur die teenstander oor hom gespreide duisternis nie, **omdat hy nie verlang het na die absolute waarheid nie.**

Die gees in die mens dwing nie om die denke te verander nie. En die denke word nog solank deur die teenstander beïnvloed, **solank die mens nog nie verlos is deur JaHshua Messias nie**, omdat die mag van die teenstander oor sy siel nog nie gebreek is nie.

**Maar nooit kan sulke mense verlore gaan nie**, omdat hulle deur hul aan God welgevallige lewenswandel, innerlik vir My opkom, **in welke vorm en onder welke naam Ek ook aan hulle voorgestel was**.

En gaan hy nou die ryk hierna binne, dan **gaan Ek hom Self in JaHshua tegemoet.**

Daar vind 'n geweldige verandering in hom plaas, omdat Ek nou sy gees vryheid gee, omdat My teenstander nie meer by hom kan binnekom nie, ofskoon hy homself nog nie in die ryk van lig bevind nie.

**Maar nou sien hy sy skuld in**. Sy verkeerde denke en die vraag om vergifnis is sy diepste innerlike behoefte wat hom ook verleen word **met die oog op sy lewenswandel en goeie wil.**

Want elke weerstand is gebreek in so ‘n siel. **Die liefde dring op My aan** as die ewige Liefde en helder en duidelik lê vir die siel die onmeetlike werk van liefde en erbarming van **JaHshua Messias Wie hulle nou as hul God en Vader van ewigheid erken**.

En ook sy oerskuld is nou in die sand geskryf, sodat die **toegang vir hom nou na die ligryk geopen is**, wat sonder die erkenning van JaHshua en Sy verlossingswerk nie moontlik sou gewees het nie.

Want Hy en Ek is EEN. **En JaHshua Messias moet erken word, waardeur ook die erkenning van My Self bewys word.** Amein.